

Christus Leef in My

Deur Warren Litzman

Die Finale Boodskap vir die christene vir vandag.

Op my pad met God het ek deur ten minste sewe verskillende stadiums gegaan, waar ek elke keer tot 'n bepaalde insig in God se plan gekom het. In elke stadium was ek oortuig dat die siening wat ek op daardie tydstip gehuldig het, my sleutel was om die Skrif te ontsluit. Ek het die hele Woord van God vertolk volgens daardie bepaalde siening. Al wat ek kon sien was dat daardie een sleutel noodsaaklik was om God te leer ken. Elke groepie gelowiges wat deel vorm van die Christendom het hulle eie sleutel vir die Skrif. Vir party is dit die onderdompelingsdoop, vir andere is dit kerklidmaatskap en kategese; vir sommige is dit om in tale te spreek en die gawes van die Gees, terwyl dit vir andere wonderwerke en geloof is. Ek het ook geglo dat sommige van daardie uiterlike handeling – óf dit die doop is, gesondmaking óf die spreek in tale – die sleutel tot die Skrif gebied het. Helaas, geeneen van die sleutels kon aan die einde van die dag dit ontsluit nie. Toe eendag, kom ek agter dat ek by die finale sleutel uitgekom het – want ek het nou tot 'n openbaring van Christus gekom, die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Daardie openbaring het my gewys, soos wat Paulus 146 keer in sy geskryfte sê: Christus leef in my. Nou sien ek Hom as my enigste lewe. Ek besef dat al my soeke na God, en die deurgaang van elke stadium volgens my siening op daardie tydstip, was om my na die volheid van Christus te lei. Nou sien ek Christus as alles, en daarom is ek vry om dít te word wat die Vader se einddoel was vir my.

Twee Bybelse Ervarings

Ek is van mening dat gelowiges wat tot die volheid van Christus kom ten minste twee Bybelse ervarings kan ondervind wat hulle tot daardie punt bring. Hierdie twee ervarings kan saamval, of die een voor die ander een plaasvind, veral as die gelowige ontbloot is aan ware evangelieprediking en die lering van die Helige Gees. Ongeag tydelike omstandighede en ander uiterlike manifestasies, wat belangrik is hier, is die die impak van hierdie twee ervarings op die gelowige in terme van die geesteswêreld. Kom ons noem die twee ervarings die Johannes 3:16 en die Galasiërs 2:20 ervarings.

**Leer meer oor die verskillende
evangelies in die Bybel en hoekom
Paulis se boodskap vir ons so
belangrik is - Klik op
Hierdie skakel (engels)
[Two Gospels](#)**



Die Wedergeboorte: Joh. 3:16

Kom ons kyk vlugtig na elkeen van hierdie twee ervarings, beginnende met Joh. 3:16. Die Joh. 3:16 ervaring behels die wedergeboorte. Dis nie moontlik om in die Here ten volle dit te bereik wat God beoog het vir die gelowige, as daar geen wedergeboorte ervaring is nie. In die Christendom word die 16 de vers van hoofstuk 3 van Johannes se evangelie erken as die sleutelvers wat daardie ervaring omskryf: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Ook in daardie kosbare hoofstuk, sê Jesus vir Nikodemus: "... as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." (Joh. 3:3). En in Joh. 3:5, sê hy: "as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie." Die wedergeboorte, so word dit baie duidelik gestel, is 'n vereiste vir enigeen wat God wil leer ken en toegang wil kry tot die dinge van God.

Die wedergeboorte beteken dieselfde as herskepping en dit hou in dat die geaardheid van die gevalle mens herskep word. Die Bybel stel verlossing voor as die vrykoop-hernuwing van 'n mens, gegrond op 'n herstelde verhouding met God deur Christus wat in daardie mens lewe. Hierdie vrykoop bring voort 'n radikale en algehele transformasie in die gees van die mens waardeur hy 'n nuwe mens word, wat in heiligheid en kennis van die waarheid vernuwe word na die beeld van God (Efes. 4:24; Kol. 3:10). Hierdie is 'n nuwe mensras wat nie meer konformeer met die wêreld nie (Rom. 12:2; Efes. 4:22; Kol. 3:9). Herskepping is die geboorte waardeur hierdie werk – die voortbring van 'n nuwe skepping-aanvang neem.

Die sondige natuur (Satan se geaardheid) – wat wetteloos, goddeloos en selfgesentreerd is (Rom. 3:9-18; 8:7) en wat die mensdom beheers sedert Adam se ongehoorsaamheid – word deur die herskepping vervang met 'n nuwe mens wat vertrou en liefde het, wat berou het vir rebelsheid en ongeloof van die verlede, en voortaan onderworpe is aan die wet van God. Herskepping verlig harte wat blind is om geestelike realiteite in te sien (1 Kor. 2:14-15; 2 Kor. 4:6). Herskepping bevry en bemagtig die vasgevangene eie wil tot vrye gehoorsaamheid aan God (Rom. 6:14; Fil. 2:13).

Die gebruik van die woord wedergeboorte om hierdie verandering te beskryf beklemtoon twee feite. Die eerste feit om in ag te neem rakende die wedergeboorte is die beslisheid daarvan. Die herskepte mens het vir ewig opgehou om te wees wat hy was. Sy ou lewe is verby en 'n nuwe lewe het begin. Hy is 'n nuwe skepping in Christus. Hy is begrawe met Christus, buite die bereik van veroordeling, en is ook met Christus opgewek uit die dood tot 'n nuwe lewe van regverdigheid (Rom. 6:3-11; Kol. 3:9-11).

Die tweede feit rakende die wedergeboorte is dat dit alleenlik deur God gegeneer is. Babatjies genereer nie of werk nie mee aan hulle eie verwekking of geboorte nie. Net so is daar geen manier wat diegene wat dood is in oortredinge en sonde, die verwekkingsdaad van God kan aanhits of inisieer wat betref die voortbring van Sy Seun in hulle nie (Efes. 2:1-10). Geestelike lewendmaking is 'n vrye, en vir die mens, 'n misterieuse werking van goddelike krag (Joh. 3:8). Dit kan nie verklaar word in terme van die ontwikkeling van bestaande menslike hulpmiddels, of die kombinasie daarvan met dit wat tot God se beskikking is, nie. Die wedergeboorte word ook nie veroorsaak of in werking gestel deur enige menslike pogings (1:12-13) of enige menslike verdienste nie (Titus 3:3-7). Wanneer God Sy saad in 'n gelowige plaas, is dit 'n hele volledige saad; daar is niks meer wat by daardie saad bygevoeg kan word nie.

Dus, wanneer die gelowige gedoop (geplaas) is in Christus (1 Kor. 12:13) en die wedergeboorte vind plaas, het daardie gelowige Christus volledig in hom, want daar is niks meer van Christus wat aan hom gegee kan word nie, net soos 'n pasgebore baba nie weet wat alles met hom gebeur het nie. Dit beteken dat daar nog baie is wat die nuutgebore gelowige moet leer. Die een aan wie die lering van die nuwe gelowige toevertrou is, is die Heilige Gees. Oombliklik met die wedergeboorte van die nuwe gelowige, het die Heilige Gees gekom en blyplek gevind in sy siel/verstand.

In hoofstukke 14-16 van Johannes se evangelie, het Jesus ten minste sewe keer duidelik genoem dat dit die doel van die Heilige Gees is om die gelowige te bring tot die kennis van die Christus-lewe, die nuwe verwekte lewe. Die Heilige Gees was nooit bedoel om daardie lewe te wees nie.

Terwyl dit so mag wees dat die Heilige Gees die Een is wat die gelowige doop in Christus, is **Hy nie die lewe of die gewer van lewe nie, nrens in die Bybel sal jy kry dat die Heilige gees ons lewe is nie.** Die ewige lewe is in die Seun (1 Joh. 5:11). Die gewer van daardie lewe is die Vader wat die seuns verwek deur Sy Saad, Christus, in hulle te plaas. Net die Heilige Gees kan hierdie feit duidelik maak vir die gelowige. Die gelowige moet kom tot 'n verhouding met die Heilige Gees wat verder strek as bloot die plasing van die gelowige in Christus (1 Kor. 12:13). Hierdie verhouding met die Heilige Gees is noodsaaklik vir die gelowige se kennisname dat Christus alles is, die heilige Gees is aangestel om as ons leermeester te wees.

Christus Leef in My: Galasiërs 2:20

Ons kom nou by die tweede (en vir die doeleindes van hierdie bespreking, die finale) Bybelse ervaring vir gelowiges wat met God wil voortgaan tot die volheid van Christus: die Galasiërs 2:20 ervaring. In daardie vers skryf die Apostel Paulus: **"Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.** En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof **van** [of "van" – sien King James vertaling en Efes 2:8] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.' Hierdie vers skets die ontsagwekkende waarheid wat die Vader se uiteindelijke oogmerk vervul – die oogmerk wat Hy uitgespreek het voor Hy enigiets in die wêreld geskep het (Efes. 1:4). Die gelowige kan alleenlik God se doel vir sy aardse lewe vervul deur tot 'n insig te kom van Galasiërs 2:20 deur die lering van die Gees. Slegs dan sal die gelowige tot kennis kan kom van wie hy is deur die wedergeboorte. Daar is tans 'n menigte opregte, geredde, wedergebore gelowiges in die wêreld wat nie weet wie hulle is deur hulle wedergeboorte nie. Gevolglik kom hulle nooit tot die volheid van Christus, of die oogmerk van God vir hulle lewens nie. Hulle weet nie eers of hulle wedergebore is of nie.

Omdat Paulus in Galasiërs 2:20 sê: "Christus leef in my," is daar 'n behoefte vir 'n vars insig van wie die gelowige is. 'n Nuwe konsep en bewustheid van 'n nuwe verhouding met God is ook noodsaaklik. "Christus leef in my" beteken dat 'n verenigingsproses plaasvind wat menslike beskrywing te bowe gaan. Dit is die verstaan van hierdie eenwording wat mens bring by dit wat God so na aan die hart lê. Ons kan nou sien dat ons Vader nie slegs mense gered of wedergebore wil hê nie, of om vir Hom te lewe nie. Hy wil meer hê. Die uiteindelijke oogmerk van die God van liefde is dat die natuur wat in die gelowige geplaas is, die God-natuur, 'n eenheid en totale eenwording voortbring sodat die gelowige 'n Vader-seun verhouding vlekkeloos uitleef.

Galasiërs 2:20 sê dat "ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." Baie mense wat al die Christus-lewe lering gehoor het, vertolk hierdie vers asof dit sê: "Christus leef in my as ek."

Dit is weliswaar 'n korrekte vertolking, maar dit moet altyd behoorlik verduidelik word, want baie sal struikel omdat hulle nie die Heilige Gees het om hulle te onderrig wie en wat hulle is deur Christus, wat in hulle is nie. Dus, met die uitdra van die Christus-lewe boodskap, is ons versigtig oor hoe ons dit verklaar. Die stelling "Christus leef in my as ek" beteken hoegenaamd nie dat gelowiges Christus word nie of dat Christus gelowiges word nie.

Wat dit beteken, is dat Christus wat inwoon in die gelowige, tevoorskyn kom uit die gelowige soos God die gelowige in die eerste plek geskape het (Gen. 1:27). Eenvoudig gestel, beteken dit dat Christus in ons, as ons lewe, uit ons na vore kom soos ons geskape is. (alleenlik Christus in jou maak jou volkome, niks ander op hierdie aarde kan jou volkome maak nie) Met dit in gedagte, beeld die Skrif nou uit wat ons glo God se hele oogmerk in die Woord is. Sy oogmerk was baie duidelik dat Hy vir Homself 'n nuwe volk sou verwek wat ons nou die "nuwe skepping ras" noem. Soos Paulus skryf in 2 Korinthiërs 5:17: "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel..." Hierdie "nuwe skepping ras" sou God se natuur inkry deur die verwekking van die Gees van Christus in hulle, en die mense sou God se opregte gebore afstammeling wees. Hulle sou nie Israëliete of Jode wees nie (Gal. 3:28); hulle sou hoegenaamd nie aardse mense wees nie, maar wel 'n geestelike ras van mense wat deur God opgerig is om Sy hartsverlange te vervul.

Die Wedergeboorte en die Vader-Gees van God

Noudat ons 'n algemene oorsig gehad het van Joh. 3:16 en Gal. 2:20; is dit belangrik om God se oogmerk om hierdie spesiale mensras voort te bring, van naderby te bekyk. Die oogmerk word op verkeie maniere deur die Skrif toegelig. Om die wedergeboorte te kan verstaan en hoe Christus leef in elke wedergebore gelowige, verg dat 'n paar kwessies van naderby beskou word. Al hierdie kwessies vloei voort uit een enkele behoefte wat God gehad het voor die skepping van die wêreld.

Iets merkwaardigs omtrent die Almagtige God is dat Hy ook Vader is. Vir iemand om vader te wees, moet hy kinders hê. In God se vorige bestel, nog voor God se plan vir ons in werking gestel is in Genesis 1, het God Lucifer die erfgenaam en heerser gemaak oor alles wat Hy het. Hierdie daad was ooglopend 'n illustrasie van die vader-gees in God wat smag na 'n verhouding met 'n skepsel. In Jesaja 14:12 (Nuwe Lewende Vertaling) word Lucifer genoem "seun van die more." Dus het God as Vader wat 'n seun wil hê, in gedagte gehad om Lucifer in die posisie van 'n seun te plaas – maar nie as seun te verwek nie. Hierdie punt is so belangrik dat dit herhaling regverdig: God het Lucifer in die posisie geplaas – Hy het hom nie verwek as 'n seun nie. Lucifer het uiteindelik vir God in die steek gelaat, wat die Vader sy vermoë om Sy vader-gees uit te leef, ontnem het.

Een belangrike waarheid wat uit hierdie verhouding met Lucifer na vore getree het, is dat die Vader besef het dat Hy nooit 'n geskape wese kan vertrou om te wees soos wat Hy wou hê nie. Wat God toe beskik het, word duidelik verklaar in Efesiërs 1:4: "... soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees..." Hy het die menslike ras uitverkies om in Christus te wees. Hy kon natuurlik nie die menslike ras maak om in Christus te wees nie. Hy sou eerder wag vir daardie gelowiges wat behoefte ervaar vir 'n Verlosser, om deur die Heilige Gees getrek te word en te glo in die Here Jesus Christus, en sodoende hiedie verhouding met God te hê.

Dit was God se oogmerk voor die grondlegging van die wêreld om 'n ander plan uit te werk, aangesien Hy nie 'n geskape wese kon vertrou nie. Hy sou werk met 'n geskape wese met die vermoë om keuses te maak, anders sou daar geen liefde wees nie. Dit is alleenlik deur keuses dat liefde getoon kan word, en dit was wat die God-vader wou hê: liefde.

Dit is juis liefde wat Hy nie van Lucifer ontvang het nie. Al wat Hy wou hê as die God van liefde, was wedersydse liefde van die skepsel af. God het gesien dat Hy nie daardie liefde kon kry deur bloot 'n skepsel te skape nie, selfs al was die skepsel toeberei om 'n keuse te maak. So dan, deur Sy onbeskryflike genade, sou God daardie skepsel toelaat om na verloop van tyd, 'n krisis te bereik waar hy die behoefte aan 'n Verlosser sou erken. By daardie krisisoomblik, sou God self, sonder enige inspanning van die skepsel, 'n ander persoon in daardie skepsel verwek. Daardie persoon is Christus. God sou Sy Seun, Sy Saad (1 Pet. 1:23) in daardie skepsel plaas, en Hy sou op daardie Seun, daardie Saad, staatmaak om sy behoefte aan liefde te vervul.

Christus, die Vervulling van God se Vader-Gees

Dit was God se oogmerk vanaf die begin af dat Sy plasing van Christus in die skepsel die vervulling sou wees van al wat God benodig van daardie skepsel. Christus sou daardie skepsel se wysheid, geregtigheid, heilgmaking en verlossing wees (1 Kor. 1:30). Hierdie vers in 1 Korintiërs toon aan dat God dit so sou bewerk. Die vervulling kom nie as gevolg van die skepsel se geestelike groei nie, die skepsel se geloof, of die skepsel se eie inspanning nie. Dit sou eerder iets wees wat God self sou doen, wat niks vereis van die skepsel nie. Dit sou die kern en wese van genade wees. Dit wat God wou hê, was ooglopend wedersydse liefde, en die enigste manier waarop Hy dit kon kry was om die ware Liefhebber, Christus, in die skepsel te plaas. God sou op daardie Liefhebber peiltrek om Sy eie behoeftes te vervul. Hierdie plasing van Christus in die gelowige, is uiteraard die eenvoudige verlossingsplan. Jammer om te sê, **maar dit is nie die evangelie wat vandag gepredik word nie.** Daar is talle van God se mense wat geesdrif verloor het te midde van twyfel, vrees, frustrasie en selfs ongelooft, want hulle kan nie duidelik sien wat God vandag sê en doen nie.

Die Gelowige het nou al Ewige Lewe

Ons kom nou by by die pylvak waar verskeie punte behandel moet word om te kan verstaan presies hoe dit gebeur dat Christus in ons lewe, en hierdie punte is die basis van die bespreking wat die res van hierdie boekie omvat.

Die eerste punt is dit: die Christus wat in ons is, is nou ons ewige lewe. Dit klink ongelooflik dat die gelowige wat ewige lewe het wat in hom inwoon, skynbaar nooit tot die verstaan daarvan kom sodat dit 'n impak op sy daaglikse lewe maak nie. En tog is dit so dat die konsep van ewige lewe 'n verskil maak vir die een wat dink aan sy afsterwe. Selfs al lyk dit partykeer asof dit min verskil maak aan 'n persoon se daaglikse wel en weë, bly die feit staan dat elke wedergebore gelowige reeds hier en nou, ewige lewe besit. Wat 'n merkbare verskil sal daar nie wees in 'n persoon se alledaagse lewe nie, as daardie konsep by hom gestalte kry as sy standaard lewensuitkyk.

Ofskoon die idee van ewige lewe voorsien word in die Ou Testament, is die konsep van ewige lewe grotendeels 'n Nuwe Testamentiese openbaring, omdat ewige lewe volg op die wedergeboorte. Jy moet wedergebore word, en daaruit voortspruitend het jy 'n heeltemal ander nuwe lewe. Ons begrip van "ewige lewe" is gegrond op die vertaling uit die Grieks van zoe (lewe) en aionion (ewige). Die uitdrukking word deurgaans in die Nuwe Testament gevind, maar veral in die Evangelie van Johannes en die Brief van 1 Johannes. "Zoe" kom 134 keer voor en is elke keer vertaal as "lewe" in die Briewe. Die term "zoe" word deurgaans gebruik om ewige lewe aan te dui (1 Joh. 5:12), terwyl "aionios" meestal gebruik word om ewige lewe van gewone fisiese lewe te onderskei. Al het ons fisies lewe deur die lewe in ons liggame, is ons nie meer "liggaam-mense" nie. Ons is "gees-mense" deur Christus wat by ons inwoon. Die konsep van ewige lewe word in die Skrif meestal onderskei van fisiese lewe. 'n Goeie omskrywing van ewige lewe is deur Christus verskaf in Joh. 17:3 toe Hy gesê het: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." Hieruit sien ons dat ewige lewe is 'n faset van God se genade waardeur die gelowige tot volle kameraadskap (fellowship) met God kom deur die Seun-lewe wat nou, in die hede, in hom bly.

Hierdie volle kameraadskap of fellowship is inderdaad in teenstelling met Lucifer, die geskape een, wat nooit uitgekom het by kameraadskap met die Vader nie. Oor en oor in die Nuwe Testament word ewige lewe gekontrasteer met gewone fisiese lewe. So byvoorbeeld vind ons in Efesiërs 2:1 dat om fisiese lewe te hê sonder ewige lewe is dieselfde as om ongered, veroordeel of verlore te wees. In teenstelling daarmee, diegene wat ewige lewe het word verklaar gered te wees, met die belofte dat hulle nooit verlore sal gaan nie (Joh. 3:15-16).; Selfs in die geval van die gelowiges, word ewige lewe eers ontvang wanneer geloof in Christus uitgeoefen word (Efes. 2:1, 5). Ewige lewe word gelykgestel met wedergeboorte, en word ontvang onmiddellik as 'n persoon wedergebore word. Dit is 'n gevolg eerder as 'n oorsaak van verlossing, maar ewige lewe word gekoppel aan bekering, of die manifestasie van die nuwe lewe in Christus. Ewige lewe is die Saad wat God in die gelowige plaas, en daardie Saad is Christus (1 Pet. 1:23).

Die Heilige Gees en die Gees van Christus

Ewige lewe word verleen deur die werking van die Heilige Gees op die oomblik wat 'n sondaar in die Here Jesus Christus glo. Net soos wat dit was met die vleeswording van Jesus Christus, is dit met die gelowige. Die Drie-enigheid is direk betrokke by die verleen van lewe. Volgens Jakobus 1:17-18 is dit die Vader wat Sy geestelike kinders verwek het. Die lewe wat aan die gelowige geskenk is word geïdentifiseer met die lewe wat in Christus is (Joh. 5:21); 2 Kor. 5:17; 1 Joh. 5:12). In ander Skrifgedeeltes word die Heilige Gees uitgebeeld as die Een wat nuwe lewe gee (Joh. 3:3-7; Titus 3:5).

'n Belangrike punt wat hier gemaak moet word is dat die Heilige Gees nie Christus is nie. Christus is Sy eie persoon en het Sy eie gees. So verklaar die Apostel Paulus: "Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie" (Rom. 8:9). *Dit beteken nie "... as iemand die Heilige Gees nie het nie,"* want die Heilige Gees is met die sondaar om hom te trek na Christus. Die Heilige Gees vind ingang in die sondaar se sielsgedeelte (verstand, wil en emosies) by wedergeboorte, maar Hy is nooit die gees wat lewe is nie. Die konsep van 'n nuwe skepping behels nie net die besit van ewige lewe nie, maar ook 'n nuwe natuur, want "die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword" (2 Kor. 5:17).

Die gevolg hiervan is dat waar Christus in die gelowige leef, beteken dit dat die gelowige nou reeds ewige lewe besit. Daardie lewe is die Seun-lewe; dus is dit lewe in die Seun.

Verwarring oor Geestelike Groei

Noudat ons die kwessie van ewige lewe ondersoek het, is ons gereed om aan te beweeg na die onderwerp van geestelike groei. Ons het vir baie lank die geestelike groei van die gelowige verwar met die wedergeboorte. Dis twee verskillende dinge. Groei in Christus – dit is, groei waardeur gelowiges begin uitvind wie hulle is deur Christus wat in hulle is – is iets heeltemal anders as die wedergeboorte. En dit is die wedergeboorte wat die feit staaf dat die totaliteit van Christus alreeds in daardie gelowige aanwesig is. Christus is aanwesig in die gelowige nie omdat die gelowige leer wie hy is nie, maar deur 'n wonderwerk-gawe van God. Dit is God wat Sy Seun in die gelowige plaas om daardie gelowige vir Hom aanvaarbaar te maak, ongeag of die gelowige ooit dit gaan agterkom of nie, en of die gelowige geestelik groei of nie.

In die Ou Testament word hernuwing uitgebeeld as die werk van God wat die harte van die Israeliete nuutmaak, besny en sagmaak, Sy wette daarop skryf sodat hulle Hom kan ken, liefhê en gehoorsaam soos nooit tevore nie (Deut. 30:6, Jer. 31:31-34). Dit was 'n suiweringswerk vanuit die verontreiniging van sonde, en dit het die Israeliet se eie energie en werke geveerg. Dit het beteken dat as 'n Israeliet God se wet onderhou het, sou hy 'n verandering in homself laat plaasvind het deur sy eie werke. Dit is jammer dat vandag meeste gelowiges steeds die Ou Testamentiese eie-werke evangelie moet aanhoor. Hulle strewende naarstigtelik om te "groeï" as Christene, maar kom tog nooit uit by die volheid van Christus nie, want dit kan nie deur eie werke bereik word nie. In die Nuwe Testament, na die Kruisiging en na Pinkster, word die konsep van hernuwing duideliker omskryf as iets wat niks te doene het met 'n gelowige se handeling of eie werke nie. Alles wat gedoen word, word deur God gedoen, want Jesus het vir Nikodemus gesê in die derde hoofstuk van Johannes dat mens moet opnuut gebore word uit die Woord (water) en die Gees. Dit beteken dat hernuwing uitsluitlik van Bo is en geheel en al van God (Joh. 1:13).

Die feit dat hernuwing van God is – en nie 'n uitvloeisel van die gelowige se "groeï" nie – word nege keer genoem in die Eerste Brief van Johannes, en is integraal tot die kwessie dat God Sy geliefde Seun in die gelowige plaas. In die Evangelie van Johannes, verseker Jesus vir Nikodemus dat daar geen sprake is van geestelike aktiwiteite of om God se koninkryk te sien of binne te gaan, sonder hernuwing deur wedergeboorte nie. Johannes verklaar verder dat slegs diegene wat wedergebore is deur God, Christus ontvang en in aanmerking kom vir die voorregte van God se kinders (Joh. 1:12-13). Verder sê Johannes dat daar geen wedergeboorte is wat nie ook geestelike aktiwiteite meebring nie. Die wedergeborene doen geregtigheid (1 Joh. 2:29) en lei nie 'n lewe van sonde nie (3:9; 5:18). Die teenwoordige tyd in hierdie verse dui daarop dat die gelowige nou 'n gewoonte- wetsonderhouer is, alhoewel nie absoluut sondeloos nie (1:8-10). Omdat hulle deur God wedergebore is, kan gelowiges nou ander gelowiges liefhê (4:7); hulle glo opreg in Christus en ervaar geloof se oorwinning oor die wêreld (5:4). Johannes sê spesifiek dat enigiemand wat anders optree, maak nie saak wat hulle sê hulle is nie, is steeds ongeboore kinders – *kinders van die duiwel*. Hoe dankbaar moet ons nie wees vir Johannes se woorde nie.

Sondaars is kinders van die duiwel

Met die verspreiding van die boodskap van die Christus-lewe, het ons gevind dat die hoofrede hoekom talle Godvresendes en gelowiges wat ontsag het vir die Bybel, nie die volheid van Christus binnegaan nie, is omdat hulle nooit tot die besef gekom het dat hulle, voor hulle wedergebore was, kinders van die duiwel was nie. Ofskoon beide Paulus en Johannes dit baie duidelik oor en oor in hulle briewe sê, dat die sondaar 'n kind van Satan is en sy natuur in hom het, was ons stadig om hierdie feit te aanvaar en te verwerk binne ons verwysingsraamwerk. Die eindresultaat is dat ons nie Satan gesien het as die dood-lewe van die sondaar voor sy wedergeboorte nie. Daarom was dit ook vir ons moeilik om in te sien dat Christus die enigste lewe van die gelowige is. Wat dit betref, sien ons nou dat die belangrike konsep van ewige lewe beliggaam is in drie fundamentele waarhede wat die Skrif leer.

Eerstens word herlewing beskryf as 'n wedergeboorte afkomstig van God. Die skenking van ewige lewe plaas die gelowige in 'n Vader-kind verhouding met God. Tweedens word die nuwe lewe in Christus beskryf as 'n geestelike opstanding. Nie alleen is die gelowige saam met Christus uit die dood opgewek nie (Kol. 3:1), maar hy is lewend gemaak nadat hy dood was (Rom. 6:13).

Christus het dit vooruit gesien met Sy profesie: "...[D]aar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe' (Joh. 5:25). Derdens word die skenking van ewige lewe vergelyk met 'n skeppingsdaad. Soos Adam 'n lewende siel geword het deur die asem van God, net so, word die gelowige 'n nuwe skepping deur die wedergeboorte (2 Kor. 5:17). Die Bybel verklaar dat die een wat nou ewige lewe besit, geskape is in Christus Jesus tot goeie dade (Efes. 2:10).

Identifikasie met Christus

Dit bring ons by die vraag: Hoe word ons as een met Christus saamgevoeg? Hierdie vraag lei ons onvermydelik na die kwessie van identifikasie. Identifikasie met Christus is een van die essensiële begripvlakke, waarby elke gelowige wat wil opgroeï in Christus moet kom. Daar is baie wat hierdie eenvoudige waarheid ontwyk deur hulleself met baie ander leerstellings op te saal. Daar is dié wat verkies om agter kerksheid te skuil, of om staat te maak op hulle kerk se leerstelling, in plaas van om ag te slaan op bybelse identifikasie. Dikwels word hulle gefrusteerd in hulle Christelike lewenswandel omdat hulle hulself afgesloof het in dienswerk of uit pligsbesef. Andere het ondervindinge met die Heilige Gees gebruik as plaasvervanging vir identifikasie, maar hulle het ook begin moeg raak vir al hul oënskynlike goeie werke. Die teologiese leerstelling van identifikasie met Christus word verkry van die Nuwe Testament wat Christene sien as "in Christus." Hierdie waarheid is die mees verklaarde en mees kragtige en deurtastende boodskap van die Nuwe Testament. Die eenvoudige stelling dat die gelowige "in Christus" is word minstens 146 keer net deur Paulus genoem, waar dit direk verwys na eenwording met Christus. In 'n meer algemene sin, word Christus ook met die mensdom geïdentifiseer as die tweede Adam. In dié geval is dit 'n fisiese werklikheid.

Jy in Christus, Christus in jou

Die teologiese konsep van identifikasie met Christus, koppel 'n gelowige met die persoon en werk van Christus deur goddelike toerekening, deur die mens se geloofservaring en deur die geestelike eenwording van die gelowige met Christus. Daardie eenwording word bewerkstellig wanneer die Heilige Gees die gelowige in Christus plaas. Wanneer die Heilige Gees die gelowige in Christus plaas (Gal. 3:27) vind 'n doop plaas wat die persoon op 'n unieke en sonderlinge wyse as 'n individu in Christus in doop. (Die woord doop soos wat dit in hierdie verse gebruik word, beteken nie waterdoop nie, maar verwys na 'n algehele plasing en totale indompeling in Christus.) Die wedergebore persoon word ook terselfdertyd in die Liggaam van Christus gedoop (1 Kor. 12:13), wat eintlik die Kerk is. Hierdie nuwe verhouding van om in Christus te wees, is die eerste keer deur die Here verkondig aan Sy dissipels in die bovertrek in Sy verklaring: "... julle in My [en moi], en Ek in julle" (Joh. 14:20). Hier moet verduidelik word dat daar geen verskil is tussen Christus in die gelowige en die gelowige in Christus nie. Sommige wil 'n onderskeid maak, maar dit word nie deur die Skrif gesteun nie. Die siening word ook nie deur die natuurlike wêreld onderskraag nie soos wat deur hierdie eenvoudige voorbeeld geïllustreer word: as jy 'n sokkie in water plaas, is dit nie net die sokkie wat in die water ingaan nie, maar ook die water wat in die sokkie ingaan. Daar is 'n onskeibare eenwording tussen die twee. Net so is dit met die in-Christus posisie. Die nuwe verhouding van die gelowige in Christus word inderdaad omskryf as 'n nuwe posisionering en kom alleenlik tot stand op grond van wat God doen.

Eenwording is Identifikasie

Hierdie nuwe verhouding is meer as net 'n posisionele een as gevolg van goddelike toerekening, want Christus het spesifiek gesê: "Ek is in jou." Die leerstelling wat uit hierdie stelling voortvloei, word omskryf deur die woord eenwording wat gewoonlik as sinoniem vir identifikasie deurgaen. Daar is ten minste sewe illustrasies wat in die Skrif gebruik word, wat dui op hierdie eenwording en identifikasie. Die mees prominente een is waar Jesus praat oor die wingerdstok en die lote in Johannes 15:1-6. Hier word die eenheidslewe geïllustreer deur gemeenskaplikheid, en die vrug is die gevolg van die eenwording van die loot en die wingerdstok.

Die loot is in die wingerdstok en die lewe van die wingerdstok is in die loot. Alhoewel daar verskeie ander interessante illustrasies gevind word in die Skrif, is daar geen Christelike lewe moontlik sonder hierdie eenwording nie. As daar dan nou 'n eenwording is en die twee het een geword, wie sal die hoof wees? Die Skrif sê duidelik dat Christus die hoof van die kerk is, en eenwording vind hier plaas. Net so is Christus die hoof of die "eggenoot" van die gelowige. Gelowiges, beide manlik en vroulik, bly die "vrou" onder die Christus-hoof. Die "vrou" word nooit die "man" nie en die gelowige word nooit Christus nie. Tog, wanneer dit oor lewe gaan, is dit Christus, die hoof, wat die lewe voortbring deur die "vrou-gelowige." Die "vrou" kan nie op haar eie lewe voortbring nie en is heeltemal hulpeloos sonder haar man. Dis ook so met die gelowige. Gelowiges kan geen vrugte dra op hulle eie nie. Vrugte kom slegs van die wingerdstok, die Christus-hoof. Daarom, wat betref eenwording, het die Apostel Paulus gesien dat die "vrou" moet haarself opgee om 'n Christus-self te word. Sy moet eintlik haar eie wil prysgee om die wil van haar "Christus-man" te vervul, want sy kon alleenlik dood in haarself voortbring. Alle lewe kom van die "Christus-man." So, as ons nou sê dat die enigste lewe wat ons nou het is Christus, dan is ons verseker deur die Skrif dat dit nie anders kan nie. Hierdie waarheid is dit wat Paulus daartoe genoep het om te sê: "... ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

Op die ou end: Christus as Ek

As dit so is, dan is dit noodsaaklik om tot die Galasiërs 2:20 ervaring te kom om God se uiteindelijke oogmerk te vervul. Ons moet nou nie terugdeins van wat 'n eenvoudige gevolgtrekking is nie. As Christus, in die oë van God die enigste lewe in ons is, en ons in die proses van ons groei begin agterkom dat Hy ons enigste lewe is, dan is dit Sy natuur, Sy persoonlikheid, Sy wil en Sy weë wat uiteindelik die botoon sal voer. By hierde vlak van insig kan ons verklaar: "Christus lewe in my, en Christus lewe as ek." Hierdie stelling impliseer glad nie dat die "vrou" die "man" geword het nie. Dit is eerder die "vrou" wat sê: "My Man is die verskaffer van lewe in my, en dis Sy wil en persoonlikheid wat my natuur is, en daarom leef Hy nie net in my nie, maar ook as ek."

Identifikasie met Christus het nietemin sy beperkings. Christus word geïdentifiseer met die hele mensdom in Sy vleeswording. Maar slegs die wat glo in die Here Jesus Christus en wat wedergebore is, word geïdentifiseer met Christus. Die identifikasie van 'n gelowige met Christus lei daartoe dat sekere aspekte van die persoon en werk van Christus toegeskryf word aan die gelowige. Dit strek egter nie sover dat die gelowige die goddelikheid besit van die tweede persoon van die Drie-Eenheid nie. Op geen stadium word die goddelike eienskappe van Christus, die Skepper, tersyde gestel nie, want die gelowige word nooit deel hiervan nie. In die geheel gesien, is identifikasie met Christus een van die belangrikste leerstellings en noodsaaklik vir die hele Christus-lewe openbaring.

Ou Dinge Het Verbygegaan

Die gelowige wat tot die insig gekom het dat "Christus lewe in my" weet dat om 'n kind van God te wees is groter en belangriker as enige ander verhouding in sy lewe. 2 Korintiërs 5:17 sê dat "die ou dinge het verbygegaan." Ons glo dat die ou dinge wat verbygegaan het is al daardie dinge wat te doene het met die verganklike saad (1 Pet. 1:23). Die verganklike saad was ons eerste verwekking, soos ons deur ons vaders en moeders in sonde verwek is, wat die Satan dood-lewe is. Hierdie sonde-natuur kon slegs uit mense uitgeneem word deur God wat Sy Lam offer by Golgota. Die opoffering van Christus by Golgota het God die reg verleen om Satan uit die gelowige hart te verwyder en Christus daarin te plaas.

So dikwels, wanneer ons praat van Christus in ons, is daar baie opregte mense wat dit wat ons sê verkeerd verstaan, hoofsaaklik omdat hulle nie ons sleutel tot die Skrif, die wedergeboorte, verstaan nie. Die Bybel verklaar onomwonde die onderskeid tussen die mens as 'n skepsel en die uniekheid van Christus wat in ons leef. Soms wanneer mense hierdie boodskap hoor, sonder om mooi te luister na die inhoud en waarheid daarvan, beweer hulle dat Christus-lewe gelowiges verklaar dat hulle self 'n godheid geword het.

Gelowiges Word Nooit Godhede nie

Die idee van vergoddeliking is geheel en al verkeerd en verg verdere bespreking. Deur die eeue het hiedie kwessie van vergoddeliking verskeie vorme aangeneem en talle lande en kulture oorspan. Heelwat konings in die Ou Testament het geglo dat hulle met goddelikheid bekleed is, dat hulle gode was. Die Grieke het geglo dat hulle goddelik was en het talle mites en godsdienstige oortuigings oor onsterflikheid en oor "goddelike eienskappe" van die siel versin. Helde en weldoeners het goddelike verering ontvang en, ten minste vanaf die vyfde eeu V.C. is goddelike verering verleen aan lewende mense. Alexander is verafgodd in die Oosterse lande wat hy verower het. Dit was ook 'n algemene verskynsel by sy opvolgers en daaropvolgende konings. Heersers soos Koning Agrippa (Handelinge 25) en Antiochus Epifanes het hulself met sekere afgode geïdentifiseer en het selfs op hul muntstukke hulself as gode uitgebeeld. In Egipte is Ptolomeus en sy familie amptelik aanbid. Sedert Julius Caesar was verafgoding 'n deeglik geregleerde aspek van Romeinse beleid. Hellenistiese mistisisme, soos by uitstek uitgeleef in die misterie godsdienste, het daartoe geneig om die siel te identifiseer met goddelikheid. Hierdie konsep het oorgewaaier na sekere vorme van Christelike mistisisme, met die gevolg dat die Christene se ware status- dié van lote, nie die Wingerd nie – afgeskeep is (Joh. 15:5).

Baie etniese godsdienste is gebaseer op die geloof in 'n mens se begeerte om God te behaag en om homself te verenig met sy god. Hierdie konsep word by 'n verskeidenheid van godsdienste teëgekomp, van die idee dat die gelowige fisies een word met sy god soos in tweede eeuse Persiese Mithraïsme, tot die idee dat hy geestelik geabsorbeer word binne in 'n goddelike teenwoordigheid soos in Boeddhisme. Hierdie soort van denke het dikwels ook neerslag gevind in die Christelike kerk sedert die dae van Neoplatonisme in die derde eeu, asook in die lering van mistikusse soos Meister Eckhart (1327). Verder blyk dit dat die idee van goddelike eenwording ook basies is vir die Rooms Katolieke siening van die wondtekens van Christus se lyding, naamlik die bloedwonde van die kruisiging wat na beweer word ook verskyn op die wat hulleself ten volle aan Christus oorgegee het. Dit het waarskynlik ook 'n vroeë invloed gehad op die leerstelling van die Mis. Ons vind dus hierdie eeue-oue idee wat in ons tydvak weerklank vind op verskeie terreine, van New Age aanhangers wat hulself voorstel as "medeskeppers" met God tot mense in afgeleë dorpe wat die Kruisiging heruitbeeld.

Die bybelse standpunt is radikaal anders as enige van hierdie idees en konsepte wat van godsdiens afkomstig is, want dit maak erns van twee grondliggende feite: die skepping en die sondeval. Mense is skepsels van God, en 'n mens wat weliswaar in God se beeld is, is steeds nie ewigdurend, selfstandig of onafhanklik soos God nie (Joh. 5:26). Dis eerder so dat mense sterflik, aards ingestel en afhanklik is (Ps. 8:5). Dit beteken dat God nooit mens word nie, en mens nooit God word nie. Daar is dus 'n kwalitatiewe metafisiese onderskeid tussen God en mens.

Daar is terselfdertyd ook 'n etiese onderskeid om in gedagte te hou. Alhoewel die mens na God se beeld geskape is, toe hy homself probeer ophef tot gelykheid met God, het die mens, deur ongehoorsaamheid teenoor Hom, vanuit 'n etiese oogpunt, bande met Hom verbreek (Rom. 5:12). Die mens is nou nie net verwyderd van God nie maar ook in konflik met Hom. Dus is die enigste eenwording wat die mens met God kan hê, deur God se ingryping om die mens tot Homself te versoen deur Christus. Die uitverkorenes van alle ewigheid af, is deur goddelike wilsbesluit verenig met Christus, in wie hulle gesterwe het aan die Kruis (Joh. 6:32-58; Gal. 2:20) en deur wie hulle nou lewe met Christus in hulle as hulle enigste lewe (Joh. 15:1; Kol. 1:27). Gedurende hulle aardse lewe, is gelowiges prinsipieël verenig met God deur Christus in hulle sodat hulle eties gesproke een met Hom word. Metafisies gesproke, bly hulle egter steeds skepsels wat nooit goddelik sal word nie, nie in der ewigheid nie.

Ons Is Deelnemers Van Goddelike Natuur

Wedergebore Christene het deelgenote geword van die goddelike natuur (2 Pet. 1:4), en sodoende begin om 'n wesentlike transformasie uit te leef, in teenstelling met bloot 'n morele transformasie. "Deelgenote van die goddelike natuur" beteken dat ons nou God se karakter in ons het in plaas van Satan se sondige natuur. Gelowiges kon nie insien dat hulle enigste natuur die God-natuur is nie, want hulle het nog nooit besef dat die sondige natuur Satan se kenmerkende natuur was nie, en dat gedurende hulle hele ongelowige sondige lewensbestaan, hulle sy misleiding uitgeleef het.

Hier moet ons nou kennis neem dat daar geen menslike natuur is nie. Daar is 'n menslike verstand, wat deur baie mense in die godsdienstwêreld as 'n refleksie van menslike natuur beskryf is. Die verstand is waar besluite gemaak word. Dis 'n God-geskape plek, maar die verstand is nie 'n natuur nie. Die natuur wat mense in sonde het, is basies 'n natuur wat die eienskappe van Satan ten toon stel. Wanneer 'n gelowige wedergebore word en 'n deelnemer word van die goddelike natuur, is die vanselfsprekende gevolg daarvan dat hy nou die natuur van God binne-in hom het, met die vermoë om daardie dinge te doen wat God behaag en wat pas by die familie van God. Met die sondige natuur uit, en die God-natuur in, sal hierdie nuutgebore persoon begin ophou om te sondig en begin om te voldoen aan die wette van God deur liefde. Die gelowige, wat nou deur God wedergebore is tot 'n nuwe gees en wat tot eenwording gekom het met die Gees van Christus wat nou in hom is, is nou vir die eerste keer in staat om die wil van God uit te leef. Voor hierdie wedergeboorte, was daar geen manier waarop 'n sondaar die wil van God kon nakom of uitleef nie, want die sondaar was eintlik dood vir God en het 'n wedergeboorte nodig gehad.

Aangesien daar nooit 'n menslike natuur was nie, alhoewel die wêreld en veral baie in die godsdienstwêreld dit luidkeels verkondig, is dit nodig vir die een wat wedergebore is om 'n verstands- of gemoedsverandering te ondergaan. Paulus het gesê dat die gemoed of verstand vernuwe moet word (Rom. 12:2). Gelowiges vernuwe hulle verstand deur hulle daaglikse omgang met die Skrif en met die openbaring van die Heilige gees omtrent Christus in die persoon.

Geen Verwarring Meer Nie

Nêrens in die Skrif vind ons die konsep van "menslike natuur" nie. Ons het seer sekerlik nie geglo dat ons vergoddelik was toe ons nog die sondige natuur gehad het nie, alhoewel dit juis Satan se natuur was en ons sy kinders was. Ons as mense, is ook nie vergoddelik toe die omruil van Satan se natuur met God se natuur plaasgevind het nie. Dit was nooit God se bedoeling dat mense 'n natuur van hulle eie sou hê nie, maar dit was God se bedoeling dat mense elkeen hulle eie verstand sou hê. As ons nie verstand verwar met ons eie natuur nie, dan is ons op pad om te wees waar God vir ons bedoel het om te wees as Christene. Ons is wedergebore in die familie van God waar Christus se gees ons gees word, en, in eenheid met Hom, groei ons op in Christus.


Net soos dit baie duidelik is dat ons wedergebore kinders van God is, is ons ook aangename kinders. Dit klink soos 'n teenstrydigheid vir die mens met natuurlike vleelike denke, dat gesê word dat iemand gebore is in 'n familie en ook aangeneem is. Nogtans stel die Apostel Paulus dit duidelik dat ons aangeneem is in God se familie. In Romeine 8:15 skryf hy dat ons "het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!" In Efesiërs 1:5 leer ons dat God "ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem." En in Galasiërs 4:5 vertel hy ons dat "ons die aanneming tot kinders kan ontvang." Die eenvoudigste manier om die oënskylike teenstrydigheid te benader, is om hierdie een ding te onthou: by die wedergeboorte plaas God Sy saad, Christus, in jou; by aanneming bring God jou ten volle in Sy familie om besit te neem van jou erfenis. God neem jou aan en jy neem Sy weë aan; jy leer wat dit beteken om deel te wees van Sy familie. Dit is die proses van aanneming wat maak dat ons begin leer en leef wat ons is in Christus. Aanneming is die proses waar 'n kind, alreeds gebore, tot 'n gesins-verstandhouding kom en begin om die spesiale kenmerke van daardie gesin te leer ken.

Dit beteken dat 'n gelowige wat tot die volheid van Christus kom, nooit vrykom van die verantwoordelikheid om te groei, sonde te oorkom of om toe te laat dit Christus Homself kan uitlewe uit die persoon volgens Paulus se evangelie. Aanneming beteken dat ons losgemaak is van die kragte wat uitgeoefen is deur ons Satan-natuur, want die kragte is verslaan by Golgota. Ons kan nou staan in die vryheid van die Christus-lewe (Gal. 5:1). Alhoewel daar steeds aanvalle deur Satan is, is die aanvalle gerig op die verstand en die Christus-lewe gelowige leer om homself as dood te ag wat betref sy ou manier van dinge doen. Dit beteken ook dat alles wat God beoog deur Sy geregtigheid en wette sal verwesenlik word in die gelowige deur die invloed van die nuwe God-natuur. Eenvoudig gestel, ons wat wedergebore is word nie gode nie, maar deur die God-natuur word ons opregte verwekte seuns van God.

Ons hou hierdie God-natuur in ons as 'n skat in breekbare kleipotte, in afwagting op die **wegraping**

terwyl ons kreun om van hierdie kleipotte ontslae te word wat ons daarvan weerhou om seuns van God in liggaam te wees, soos wat ons reeds in die gees is.

Hier kan u 'n video sien oor die "wegrapping"
Dit gaan seker die meest opwindendste tyd in ons lewens wees om Jesus op die wolke te ontmoed en dan daarna ons Vader in sy huis te ontmoed.
<http://www.christuslewe.co.za/rapture.html>



Die Christus-persoon Lewe 'n Oorwinningslewe

Ten slotte, die gelowige wat kan insien dat Christus in hom lewe begin om in te pas in die wêreld en in die plan van God, en spesifiek in God se doel vir sy eie lewe met vrede en gemoedsrus. Hoe jammer is dit nie om te sien hoeveel gelowiges wat werklik wedergebore is, tog lewe met frustrasie, mislukking en hopeloosheid, omdat hulle nie gekom het tot die kennis van wie hulle is in Christus nie. Geen groter insig kan kom tot 'n Christus-persoon nie, as om in te sien dat deur sy nuwe geboorte, hy in hierdie wêreld kan lewe, dit kan oorkom net soos Jesus gedoen het en die volheid van God kan besit hier en nou in hierdie lewe nie. Die gelowige kom dan uiteindelik daar waar hy Christus sien as alles en in almal.

Christus Is In Almal Wat Uit God Gebore Is

Waar hierdie stelling dat "Christus is alles en in almal" 'n akkurate weergawe is van Paulus se evangelie, moet dit ook uitgewys word dat om te beweer dat "Christus is in almal" beteken nie dat Christus in elke mens is nie. Dit is beslis nie wat Paulus bedoel het nie. Wat hy gesê het is dat Christus in almal is wat wedergebore is, want God het nie mense geskape met Christus in hulle nie.

Die skepping van 'n mens in die natuurlike wêreld bring nie Christus voort nie. Christus word voortgebring in 'n gelowige se lewe slegs deur 'n wedergebore. Hierdie onderskeid moet deur ons in ons begrip en woordgebruik gehandhaaf word soos ons groei in die Here. Die geskape dinge is nie 'n integrale deel van God Homself nie, want Hy het dinge buite Homself geskape deur dit tot bestaan te bring deur Sy Woord. Die wedergebore is anders. Wanneer Christus in ons wedergebore is, vat God 'n deel van Homself, Sy eie saad, en plaas dit in ons. Wanneer ons groei in hierdie kennis en begrip, en ons sien Christus as alles, dan is ons gereed om die kwessies van die daaglikse lewe aan te durf. Dit beteken dat daar niks in hierdie wêreld is wat 'n Christus-persoon kan keer om te oorkom en te oorwin nie, want, soos Johannes gesê het: "soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld (1 Joh. 4:17). Christus het hierdie wêreld oorkom, en ons kan ook.

Die Christus-lewe Lering Is Nie Panteïsme Nie

Die stelling: "Ons sien Christus as alles," word egter dikwels verkeerd vertolk. Daar is inderdaad baie wat die Christus-lewe boodskap van eenwording hoor – die boodskap wat sê "Christus lewe in ons" en "Christus is alles" – wat dit graag wil etiketteer as "panteïsme." Baie is onkundig omtrent die aangeleentheid en dit moet verduidelik word. Die woord panteïsme kom van die Griekse woord pan, wat beteken "alles" en die woord theos wat "god" beteken. Dit dui op 'n godsdienstige ootuinging of filosofiese siening wat die heelal identifiseer met God.

Die uitdrukking is die eertste keer gebruik deur die Engelse deïs, John Toland (1670-1722). Hy het 'n traktaatjie geskryf met die titel "Socinianism Truly Stated" [Socinianisme Werklik Verklaar] (1705). In hierdie geskrif het Toland sy bekende verklaring "God is die verstand of siel van die heelal" ontplooi. Hierdie idee kan teruggevoer word na die metafisiese monistiese filosofieë van Indië, maar dit vloei ook deur die werke van Dionysius, John Erigena, en die Duitse mistikusse, veral Meister Eckhart.

In kontemporêre teologie neem panteïsme gewoonlik die vorm aan van 'n aanval op die persoonlikheid van God, met die argument dat God verhewe is bo persoonlikheid. Dis weliswaar so dat God oneindig verhewe is bo enige idee of uitbeelding wat mense oor Hom mag gebruik, maar die God van die Bybel is nie identifiseerbaar met Sy skepping nie. Hy is die Skepper van die verste uithoeke van die aarde. Die woord persoonlikheid mag onvoldoende wees, maar dit dui in die regte rigting. God is niks minder as persoonlik nie. Met die impak van kontemporêre wetenskap, is die mees kritiese punt vir Christen deïste die gevaar om God te identifiseer met een of ander kousale proses van atoomteorie, sonder om die bybelse onderskeid te handhaaf tussen die persoonlike Skepper God, en die natuurlike wette van die skepping wat Hy ontwerp het en altyd beheer.

Panteïsme verklaar dat God is alles. Die Nuwe Testament en Christus-lewe gelowiges verklaar dat God by alles doenig is. Ons kan nie sê dat waar die krag van die atoom ingespan word deur die mens, dit God is nie. Dit is God wat die atoom geskep het, maar die aanwending daarvan is iets heeltemal anders. Kolossense 1 sê dat "alle dinge is deur Hom [Christus] en tot Hom [Christus] geskape" en "in Hom hou alle dinge stand." Die feit dat Christus iets te doene het met alles wat in die heelal is, is nie dieselfde as panteïsme nie. Dus kan Christus-lewe gelowiges insien dat God iets te doene het met alles in die heelal en alles geskape het, maar alles is nie God nie, want baie daarvan is 'n byproduk van die God-Skepper wat nie verwar moet word met Hom as persoonlike God nie.

Herstel van Waarheid in die Kerk

Ter opsomming, wanneer Paulus sê: "Christus leef in my," maak hy aan mense bekend suiwer en onherroeplike verlossing. 'n Gelowige gaan deur verskeie begripvlakke op sy pad om God in Sy volheid te leer ken. Ons is nou oortuig daarvan dat die finale begripvlak is om Christus te sien as alles en in almal. Ons weet nou dat Hy wat die begin en einde is, besig is om Sy werk ten uitvoer te bring soos nog nooit tevore nie. Die wêreld word nou vinnig tot hierdie begrip gebring. Die boodskap van die Christus-lewe is 'n God-boodskap wat gegee word aan gelowiges van die laaste dae.

Dit was nie 'n boodskap in die Hervormingskerk tot die mate wat dit tans is nie. Dit is iets waarmee God vandag besig is. Dit is 'n beweging van God se Gees in hierdie tyd. Net soos die kerk nie die lering van verlossing deur genade bevorder het tot 'n paar eeue gelede nie, toe Martin Luther die Hervorming gelei het, net so was daar tot nou toe geen lewende waarheid van ons eenwording met Christus in die kerk nie. Net soos daar geen heiligmakings-leerstelling in die kerk was tot die era van Wesley in die 1700's nie, was daar tot nou geen Christus-lewe boodskap nie. Net soos daar geen boodskap was oor die wederkoms van Christus of goddelike genesing of die doop in die Heilige Gees tot die 1800's nie, was daar tot nou geen lering oor die gelowige se verhouding met die Christus binne in hom nie. Ons moet altyd kan insien dat God aan die voortbeweeg is, reël op reël, en voorskrif op voorskrif. Die Hervormingskerk word ten volle herstel tot God se uiteindelijke oogmerk. Ons word nie net herstel tot die Nuwe Testamentiese kerk nie. Ons word eerder deur die Heilige Gees herstel tot God se uiteindelijke oogmerk – dat Hy ons gekies het in Christus voor die grondlegging van die wêreld, lank voor daar 'n sigbare kerk was (Efes. 1:4).

Laat ons nie moeg word om te leer omtrent Christus wat in ons is nie, want terwyl ons baie dinge leer en ons kennis oorvoediglik toeneem met blydschap in hiedie uur wanneer Christus alles begin word, laat ons hierdie heerlike waarheid met die hele wêreld deel. Hierdie boodskap behoort nie net aan die hele liggaam van Christus nie, maar dit moet gaan na elke verslane, sonde-gebonde, Satan-beheersde siel oor die ganse aarde. Net soos God al hierdie wonderlike waarhede deur vernuwung in die Hervormingskerk ingebring het, sal Hy hierdie waarheid van die Christus-lewe in die kerk inbring. Ons eenwording met Christus is nie iets wat teoloë of menslike leestellings kan beheer nie. Dit is 'n

waarheid wat spesifiek deur die Heilige Gees geleer word en in die algemeen deur ons Hemelse Vader beheer word.

Hy is nou besig met die daarstel van 'n beweging van mense oor die hele aarde wat fondasiestene is waarop Hy sy finale boodskap bou. Ons is van daardie stene. Wanneer ons die Christus-lewe boodskap verkondig, wil ons nie voorgee dat ons uitverkorenes is of spesiaal of wonderlik is nie. Ons is maar bloot mense wat in ons geestelike honger begin insien het dat Christus ons enigste lewe is en dit nou met ander moet deel. Soos wat jy Christus sien as alles van jou, het jy uiteindelik by die sleutel tot die Skrif gekom wat 'n merkwaardige verskil gaan maak in jou wandel met God. Wees bemoedig. Jesus kom gou, en wat ons doen moet ons gou doen. Hy wat in ons is, is Hy wat spoedig gaan verskyn, en daar kan geen onderskeid wees tussen die twee nie. Hy leef in jou!

Meer besonderhede:

Indien u so belangstel, as u op die volgende skakels klik kan u nog meer artikels lees wat handel oor die onderwerp "Christus in jou"

[Die Belangrikste Boodskap van God](#)

[Contrasts Between Law and Grace](#)

[You are rich!!!!!!](#)

[Our Spiritual Blessings in Christ](#)

[Translate from darkness](#)

[The story of the will and purpose of God](#)

[There is no you](#)

[Born-again Defined](#)

[Why Don't Churches Preach The Revelation of Jesus Christ??](#)

[Exchange Nature](#)

[See a illustration about a complete in Christ human being](#)

[The trinity man](#)

[Who lives in your temple](#)

[Nothing in Christianity Works Properly Without a Knowledge of a Birthing](#)

[Law and Grace : Mortal Enemies](#)

[Do We Follow Christ In You Or, Jesus of Nazareth, Outside of You?](#)

[Who Killed Jesus](#)

[There are 200 in Christ statements in the Bible](#)

[The Now and The Mystery](#) - baie belangrike artikel

U kan ook luister na "[The birthing](#)" deur Warren Litzman wat beskryf hoe en wat is die wedergeboorte - u sal hierdie "mp3 player " reg onderaan die blasy kry.

Indien u meer boekie of klank disk's will bestel, klik op die volgend skakels:

Kontak Denise by lanceh@africa.com

U Kan ook hierdie webtuiste besoekt www.christ-life.org

www.christuslewe.co.za